

Vos, Cas J., Hogan, Lucy L. & Cilliers, Johan H. (reds). *Preaching as a language of hope*

Pretoria: Protea Boekhuis. Prys: R120. 236 bladsye. ISBN 978-1-8691948.

Hierdie boek bevat sewentien voordragte wat gelewer is tydens die sewende kongres van die Societas Homiletica, 'n internasionale werkgemeenskap wat die wetenskaplike bestudering van verskillende aspekte van die prediking as doelwit het. Die kongres het plaasgevind by die Universiteit van Pretoria van 5 tot 10 Augustus 2006.

Die sentrale tema van die byeenkoms is goed verwoord in die titel van die boek soos hierbo weergegee. Prediking moet inderdaad hoop bring en soos ligstrale die donker deurbreek; daarom funksioneer die aspek van hoop in elke voordrag, maar wel in afsonderlike kontekste en met 'n eie toepassingsveld.

Ek meen die sinvolste wyse om hierdie resensie aan te bied is nie om 'n kort weergawe van elke afsonderlike bydrae te bied nie, maar om eerder te fokus op groot lyne wat dwarsdeur die hele boek bepaalde sentrale gedagtes weergee.

Die werk word verdeel in drie groter onderafdelings, terwyl die vierde afdeling 'n afsluitende preek van Maake Masango bevat. Die eerste deel handel oor die teologiese, retoriese en verbeeldingskrag in die prediking as taal van hoop. Die tweede onderafdeling fokus op die ligfakkels wat die taal van hoop kan teweegbring. Die derde onderafdeling betrek die taal van hoop (in die prediking) wat lig laat val op die verskillende kontekste waarin mense leef.

Die doel met die eerste onderafdeling is om prediking as taal van hoop nader te fundeer deur aan bepaalde teologiese aspekte aandag te wy. Veral die oordra van hoop in die Nuwe Testament bied besondere duidelike riglyne. Elna Mouton se bydrae verdien in hierdie verband vermelding asook die bydraes van Cas Vos, Jan Hermelink en Thomas Troeger.

Die hooflyne uit die tweede onderafdeling fokus op prediking as taal van hoop waarin onder andere ook aandag gewy word aan die bydraes van eksponente soos Moltman in sy teologie van hoop en 'n toepassing van die preekteorie van Rudolf Bohren. Outeurs wat aan hierdie afdeling meegewerk het, is die volgende: Albrecht Grözinger, Ciska Stark, Jantine Nierop, Mogens Lindhardt en Lucy Hogan.

Die derde onderafdeling bestudeer prediking as taal van hoop in verskillende kontekste, byvoorbeeld binne die konteks van lyde, armoede, vigs. Vir hierdie praktykgerigte afdeling is bydraes van die volgende outeurs geplaas: 'n gesamentlike bydrae van Gerrit Immink en André Verweij en dan individuele bydraes van Johan Cilliers, Ben de Klerk, Lief Andersen, Masilamani Gnanavaram, Rantoa Letsosa en Elizabeth Grözinger.

In die beoordeling van hierdie werk, is die volgende aspekte opvallend:

- Daar is by die verskillende kundiges 'n wil merkbaar om hulle prinsipieel te verantwoord oor die prediking en oor die Bybel as gesagvolle bron vir die prediking. Hulle slaag daarin om ou dinge nuut te stel en van verskillende kante te bekijk.
- Die nadere besinning oor die funksie en werking van taal juis in die oordrag of kommunikasie in die prediking as taal van hoop, is verfrissend en verrassend. Die besinning en toepassing in die gebruik van metafore open inderdaad vensters wat helder lig laat val op abstrakte sake en laat die hoorder sodoende op nuwe paaie loop en nuwe dinge dink.
- Wie abstrak preek sonder om die konteks en bepaalde situasies in die lewe van lidmate in aanmerking te neem, se prediking hang in die lug en bereik nie die lewe en die harte van mense nie. Juis om dié rede is dit verblydend dat ook empiriese werk, gerig op praktiese prediking en die aanhoor van die prediking, funksioneer in sommige van die voordragte. Die derde hoofdeel van die boek

handel deurgaans oor kontekste waarin die prediking as taal van hoop funksioneer. Juis die aandag aan die konteks is belangrik. Immers, in preke behoort die teks uit die Woord en die teks uit die lewe mekaar te ontmoet.

Hierdie werk is van goeie wetenskaplike gehalte en bied veel vir predikers om oor na te dink en te implementeer. Ook persone wat graag hulle eie insig en kennis in die prediking wil verdiep, sal baat vind by die insigte wat na vore kom.

Die uitgewer het gesorg vir 'n netjiese en aantreklike publikasie.

CJH (Cassie) Venter

Emeritusprofessor, Fakulteit Teologie, Potchefstroomkampus, Noordwes Universiteit

casmar@lantic.net